# Aborsie – opsommend

**Spr 6:16-17** *Hierdie ses dinge haat die Here, … hande wat onskuldige bloed vergiet…*

**ABORSIE TEENOOR NB MEDIESE BEHANDELING VAN SWANGERSKAP-KOMPLIKASIES**
Dis krities belangrik om 'n tussen twee aspekte te onderskei: 1.Aborsie teenoor 2.Wettige terapeutiese/mediese behandeling om 'n vrou met swangerskap-komplikasies se lewe te red.

**1.** Aborsie is die doelbewuste, direkte & opsetlike (<u>met intensie</u>) aksie wat geneem word om die ongeborene op enige stadium van embrioniese ontwikkeling vanaf bevrugting, <u>dood te maak</u>. Dit is 'n direkte aanval op die ongebore baba met die uitsluitlike doel om hom/haar dood te maak. Dit is moord met opset/intensie en dit dra ernstige gewig in medici, in strafreg; en in besonder, onder die Morele Wet van God.

Geïnduseerde aborsieprosedures sluit in: Die D&C-prosedure om 'n lewende baba in stukke op te suig; Die aborsiepil om 'n lewende baba uit te honger; 'n D&E om 'n lewende baba ledemaat vir ledemaat uitmekaar te skeur; En 'n dodelike inspuiting om 'n hartaanval by 'n lewende baba te veroorsaak - alles voor die baba gebore kan word. Die doel van al hierdie metodes is om 'n dooie baba te produseer.

2. In teenstelling is daar wettige, noodsaaklike mediese behandeling wat 'n vrou met swangerskap-komplikasies mag kies om haar lewe te red. Dit sluit in om die baba vroegtydig te baar wat moontlik tot die baba se dood mag lei. MAAR, hierdie soort terapeutiese behandeling word <u>nooit</u>, ooit gedoen met die uitsluitlike doel, of <u>intensie</u>, of daad om die ongebore babatjie uitmekaar te skeur en dood te maak soos tydens 'n aborsie nie.

**DIE CHRISTEN SE VERANTWOORDELIKHEID:**
As Christene het ons 'n duidelike opdrag in die Bybel om uit te roep, om 'n brandwag te wees deur mense te waarsku wanneer hulle God se wet oortree: **Jes 58:1** *ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.*

Ese 33 handel spesifiek oor die brandwag: ***Ese 33:6*** *As daarenteen die wag (die brandwag) die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg — dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, <u>maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis</u>. 7-8 En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; <u>maar sy bloed sal Ek van jou hand eis</u>. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered. 13 As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid (but he trusts in his own righteous) en doen onreg, <u>dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie</u>, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe. 14-16 En as Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe — en hy hom van sy sonde bekeer, en reg en geregtigheid doen — gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die i<u>nsettinge van die lewe</u>, sodat hy geen onreg doen nie — dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy sondes wat hy gedoen het, sal hom nie toegereken word nie; hy het reg en geregtigheid gedoen, hy sal sekerlik lewe.*

**DIE BEGIN VAN LEWE. HOE VERWYS DIE BYBEL NA DIE ONGEBORENE?**
Wanneer begin lewe? Is die ongebore baba 'n lewendige, menslike wese en kan daar ooit enige geldige of aanvaarbare rede wees om hierdie babatjie dood te maak? Aangesien die Bybel ons fondasie en as God se Woord, ons absolute ourtoriteit is, behoort 'n duidelike: '*so sê die Here*' al ons besluite te rig. Hoe verwys die Bybel na die ongeborene?

**Gen 25:21-22** *En Isak het die Here gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en die Here het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het. En die <u>kinders</u> het teen mekaar gestoot binne-in haar.*

Exo 21:22-23 skryf straf voor selfs vir die onopsetlike skade aan 'n ongebore kind. ***Exo 21:22-23*** *En as manne met mekaar veg en 'n <u>swanger vrou</u>* (KJW: *<u>woman with child)</u> so stamp dat haar vrug afgaan, maar daar geen ander letsel is nie, moet hy sekerlik boete betaal soos die man van die vrou hom dit oplê, en hy moet dit deur skeidsregters gee. Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee <u>lewe vir lewe</u>*. Dus as die ma of kind sterf, dan moet die skuldige gedood word. Die ruil van 'n volwasse lewe vir dié van 'n ongebore baba toon duidelik die gelykheid van albei in God se oë.

**Rut 1:11** *Maar Naómi sê: Draai om, my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog <u>seuns</u> in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?*

**Jer 1:5** *Voordat **Ek** jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig;* Die Bybel praat konsekwent daarvan dat God individue ken selfs voordat hulle verwek is.

Die engel van die Here aangaande Johannes: ***Luk 1:15*** *en hy sal vervul word met die Heilige Gees, reeds van die skoot van sy moeder af.*

***Matt 1:18*** *DIE geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees.* KJW: *she was found <u>with child</u> of the Holy Spirit*

***LUK 1:36*** *En kyk, Elisabet, jou bloedverwant het self ook <u>'n seun</u> in haar ouderdom.*

Die Hebreeuse woord vir kinders is '*banim*', wat die gewone woord vir seuns , ook na geboorte is. Duidelik verwys die Woord van God na die ongeborene as baba, kind, en seun. Aangesien dit duidelik gestel word dat God ons geken het nog voordat HY ons in die moederskoot gevorm het; en die ongebore baba 'n onskuldige klein mensie is - gevorm na die beeld en die gelykenis van God, is dit eties en moreel onomwonde verkeerd is om hierdie lewe te vernietig.

**'PERSOONSKAP/PERSONHOOD'-KONSEP**

Psalm 139 is betekenisvol omdat dit duidelik toon dat die Bybelse konsep van persoonskap of '*personhood*' reeds met bevrugting teenwoordig is. **Psa 139:13-16** *Want Ú het my niere gevorm; my in my moeder se skoot geweef. Ek loof u, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit al te goed,"* Let op hoe Dawid persoonlike voornaamwoorde soos 'my' gebruik omdat hy homself so duidelik as 'n persoon beskou, teenwoordig in sy wese, in persoonskap, vanaf die vroegste oomblikke in sy moeder se skoot. ***Psa 139:13-16*** *My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.* David beskryf die baarmoeder as *'die dieptes van die aarde' U oë het my ongevormde klomp (KJW: 'my substance') gesien; & in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie."*

***Luk 1:1,4*** *En toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in haar skoot opgespring; en Elisabet is vervul met die Heilige Gees… Want kyk, toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my skoot van vreugde opgespring.* As 'n klein baba in die baarmoeder, het Johannes van blydskap opgespring omdat hy besef het dat hy in die teenwoordigheid van die Here was. Selfs binne die moederskoot is Jesus ook 'n persoon—die Here God! Terloops, vreugde/ blydskap is 'n kenmerk van persone en dus van persoonskap. Hoe spesiaal dat die heel eerste persoon ooit, wat Jesus met vreugde verwelkom het, 'n ongebore klein babatjie was!

Pro-aborsie voorstaanders argumenteer egter dat embrio's nie persone is nie, aangesien hulle bewustheid ontbreek. Vraag: As jy slaap, is jy by jou bewussyn? Is jy bewus van dit wat om jou aangaan? Nee, natuurlik nie, want jy slaap. Het jy skielik jou persoonskap verloor die oomblik toe jy aan die slaap geraak het? Is jy nou 'n menslike 'nie-persoon'? Wat van mense in 'n koma of onder narkose - steeds mense, steeds persone? Trouens, deur hierdie argument te gebruik sou beteken dat al wat 'n mens hoef te doen om met moord weg te kom, is om eers 'n slagoffer bewusteloos te slaan voordat jy hom/ haar doodmaak. Dis duidelik belaglik en aangesien dit onmoontlik is om steeds te redeneer dat die baba minder as menslik is, het die debat oor die afgelope paar jaar na 'persoonskap' verskuif; Die idee dat "*die ongeborenes nie persone is nie, maar bloot menslike kreature sonder persoonskap of wese en daarom het hulle geen inherente waarde nie*" (Giubilini and Minerva, 2013). Dit sou egter impliseer dat bejaarde pasiënte met dimensie hulle persoonskap verloor het? Maak dit enigsins vir jou sin?

Baie belangrik: Persoonskap word nie bepaal of gedefinieer deur grootte, vlak van ontwikkeling, omgewing, of graad van afhanklikheid nie. In Engels = **SLED** [*size, level of development, environment (location*), or *level of dependence]*. 'n Geboorte verander slegs waar die kind is, nie wat die kind is nie. Soos genoem toon Psalm 139 baie duidelik dat die Bybelse konsep van persoonskap reeds met bevrugting teenwoordig is. Aangesien elke menslike wese deur God geken en gesien word, selfs vanaf die absolute oorsprong van ons wese; en so kosbaar is, dat JESUS sy eie lewe gegee het om ons te red, is persoonskap tesame met die reg om te lewe onlosmaaklik verbonde aan die feit dat lewe met bevrugting begin; en daardie lewe, is na die beeld en gelykenis van God geskape. Dawson stel dit as volg: *"Thus, although conception is the earliest detectable time that humans can recognize personhood, God recognizes and knows each individual person from everlasting to everlasting! In light of the Everlasting God knowing, calling, loving, choosing, and foreordaining people from eternity past, the arguments over the exact timing after conception "to acknowledge" personhood of the unborn become utterly ridiculous!"* Die Bybel tref nooit 'n onderskeid tussen die begrippe 'mens' en 'persoon' nie. Dit leer onomwonde dat persoonskap met bevrugting teenwoordig is.

**KORT EN KRAGTIG**

- Dit is altyd verkeerd om 'n onskuldige menselewe opsetlik dood te maak
- Aborsie maak altyd 'n onskuldige menselewe dood
- Daarom is aborsie altyd verkeerd

**GEVOLGTREKKING**:

Die tradisionele Christelike pro-lewe posisie gebaseer is op twee hoof uitgangspunte:

1. Bevrugting is die absolute begin van 'n nuwe menslike lewe met onskatbare waarde; en
2. Dit is verkeerd om 'n onskuldige mens dood te maak

Reg deur die Bybel word moord, wat die opsetlike doodmaak van 'n ander mens is, as 'n gruwelike sonde beskou. ***Eks 20:12*** *Jy mag nie doodslaan nie.* Vanaf die oomblik van bevrugting is die baba 'n heeltemal afsonderlike entiteit - 'n menslike lewe met die regte van 'n menslike wese; en die vernaamste van hierdie regte is die reg op lewe. 'n Baba is 'n kosbare geskenk van God, 'n klein mensie deur God geken selfs nog voordat daardie mensie na SY beeld en gelykenis gemaak is. Om na God se beeld en gelykenis gemaak te wees, is ongetwyfeld die belangrikste verskil tussen mense en diere. Om mens te wees IS om na God se beeld geskape te wees en dit is wat ons waarde: menswaardigheid en die heiligheid van 'n menslike lewe bepaal. Waarde is dus intrinsiek en nie die resultaat van een of ander funksie nie. *A*angesien God dit duidelik stel dat Hy ons geken het nog voordat Hy ons in die moederskoot gevorm het, is dit MOREEL, EN ETIES VERKEERD OM DAARDIE LEWE TE VERNIETIG!

**Pro 31:8** *Open your mouth for the speechless, In the cause of all who are appointed to die*